Jerigo Mure Gebedsgids – Augustus 2009

Saterdag 1 Augustus 2009

God is toeganklik: Ek bely, verklaar en glo dat U 'n toeganklike God is. Openbaar Uself aan die mense van ons land. Moenie Uself vir ons verberg nie. Ons bid dat Christene en nie-Christene sal verstaan dat hulle na U genadetroon mag kom om gehelp te word (**Heb.4:16**). Ons bely en proklameer: dat wanneer ons tot U roep, U ons sal hoor en groot en onverstaanbare dinge vir ons duidelik sal maak oor die werk en verantwoordelikheid van die Kerk in ons land en die wêreld (**Jer.33:3**). Mag die mense in ons land U sien soos U werklik is.

Gebedsfokus op die gesin: Jong volwassenes beskou die huwelik nie as die "beste verhouding" nie

Die meeste jong volwassenes huldig nie die siening van hulle ouers se generasie oor die belangrikheid om met 'n langtermynmaat te trou nie. Minder as 4 uit 10 volwassenes tussen die ouderdomme van 18 en 34 glo dat die huwelik die beste tipe verhouding is, vergeleke met meer as 8 uit 10 pensioenarisse. Die bevindings volg net dae nadat 'n verslag gegrond op regeringstatistiek te kenne gegee het dat getroude pare volgende jaar in die minderheid sal wees, namate al meer mense kies om buite die huwelik saam te leef. (Webruimte: http://www.telegraph.co.uk/family/4360930/Marriage-not-regarded-as-best-relationship-by-young-adults.html). Laat ons volhard in gebed vir jongmense, dat hulle sal terugkeer na God. Bid ook vir die herstel van jongmense se drome vir 'n toekoms ten opsigte van 'n stabiele gesin.

Sondag 2 Augustus 2009

Memoriseer

Die Here God kom, Hy is die Magtige, Hy regeer. Hy bring die volk saam wat Hy Syne gemaak het, dié wat aan Hom behoort, is by Hom (**Jes.40:10**).

Skep jou persoonlike gebedshuis: Fokus op vryheid

Soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree

Waarom is dit vir ons nodig om elke dag te vergewe? **Hebreërs 12:15** sê: *Sorg dat niemand van die genade van God afvallig word nie. Sorg dat daar nie verbittering soos 'n wortel uitspruit, moeilikheid veroorsaak en baie besmet nie*. Deur gereeld te bely en om vergifnis te vra as jy iets verkeerds gedoen het, sal jy voorkom dat kleiner kwessies tot groot probleme opbou. Vergifnis is die sleutel in die herstel van gemeenskap met God en ander mense. Vergifnis is 'n voortdurende proses, want sodra jy met die verlede afgereken het, sal nuwe situasies in die hede hulle voordoen. Niemand van ons gaan deur die lewe sonder dat ons ego gekrenk word, of sonder dat ons deur iemand te na gekom of seergemaak word nie. Hierdie dinge laat 'n letsel op die siel as dit nie voor die Here bely en laat staan word nie. Een psigiater het onlangs gesê dat sy meer genesing gesien plaasvind het vandat sy pasiënte aangemoedig het om ander te vergewe.

Stel jouself in op God se perspektief: Dit is moeilik om ontslae te raak van die seerkry wat ander jou aangedoen het. Die waarheid is egter dat dit vir jou moeiliker gaan wees as vir hulle. Die las word so swaar. Hoewel dit moeilik is om jou eie onvergewensgesindheid te erken, is dit in jou eie belang om deur die proses te gaan om ander te vergewe, selfs al sê hulle nooit hulle is jammer nie. Om te besef hoe maklik jy self verkeerde dinge kan doen en hoe graag jý wil hê dat die Here jou moet vergewe, is belangrik wanneer ek en jy sukkel om mense te vergewe vir iets wat hulle aan ons of ons dierbares gedoen het. Gebruik 'n bietjie tyd om oor situasies te dink wat nog nie opgelos is nie. Daar is geen beter tyd as hier en nou om voor die Here te erken dat jou bitterheid verkeerd was, om Sy vergifnis te vra asook Sy hulp om te vergewe nie.

Die leiding van God: Ek beroep my op die leiding van God. God is soos 'n herder wat Sy skape lei. U is my lamp wat helder skyn; U gee vir my lig as dit donker is om my (**2 Sam.22:29**). Ek bely, verklaar en glo dat U my in die waarheid sal lei en onderrig. In U stel ek elke dag my verwagting (**Ps.25:5**). Leer my U wil, Here, en lei my op 'n gelyk pad sodat my vyande nie hulle sin kry nie (**Ps.27:11**). U lei my op die regte paaie tot die eer van U Naam (**Ps.23:2-3**). Gee my U Gees, want U het belowe dat U Gees van die waarheid ons in die hele waarheid sal lei (**Joh.16:13**). Ek glo dat as ek die regte koers verlaat, ek 'n stem agter my sal hoor wat sê: "*Hier is die pad, loop hierlangs*" (**Jes.30:21**).

Maandag 3 Augustus 2009

Die onpartydigheid van God: Ek verklaar, bely en glo dat God nie partydig is nie, nie omkoopgeld aanneem nie en dat enige mens wat na Hom toe kom, gered kan word (**Deut.10:17**). Hy maak nie 'n onderskeid nie en neem in enige volk mense aan wat Hom soek, vereer en doen wat reg is (**Hand.10:34-35**). God is magtig, maar Hy sien op niemand neer nie, daarom roep ons Hom as Vader aan, Hy wat onpartydig oordeel (**1 Pet.1:17**). Daarom dien die mense Hom, en sien Hy nie dié raak wat dink dat hulle wysheid het nie (**Job 37:24**). Wie onreg doen, sal gestraf word oor die onreg wat hy gedoen het; die Here trek niemand voor nie (**Kol.3:25**). Mag die vrees vir die Here julle bybly! Wees versigtig en doen julle plig. By die Here ons God is daar nie onreg en bevoordeling en korrupsie nie (**2 Kron.19:7**). Hy sal elkeen volgens sy eie dade vergeld (**Rom.2:6**). God trek immers niemand voor nie en daarom kan ons ons met vrymoedigheid op die genade, liefde, beloftes, goedheid en barmhartigheid van God beroep, want dit is vir almal beskikbaar en Hy seën almal wat hom aanroep (**Rom.10:12**).

Gebedsfokus op redding: Mense in rolstoele

Bid vandag vir persone in rolstoele wat jy ken of teëkom. Vra die Here om vir jou 'n geleentheid te gee om na hulle uit te reik, hetsy eenmalig of deurlopend. Toon belangstelling in hulle lewensverhaal en bied aan om vir hulle behoeftes te bid. Bid dat hulle in staat mag wees om hulle situasie te aanvaar, diegene te vergewe wat vir hulle toestand verantwoordelik is (indien van toepassing) en hulle lewens aan die Here Jesus Christus as hulle hoop op heerlikheid oor te gee.

Dinsdag 4 Augustus 2009

Die heiligheid van God: Teenoor elke mens in hierdie land verkondig ons: Wysheid begin met eerbied vir die Here. Mense wat Hom eerbiedig, het werklik insig (**Spr.1:7**). Mag U heiligheid mense voor U laat buig sodat hulle wyse harte kan bekom. Heilig U Kerk. Mag U heiligheid binne-in die raadsale van ons land mense help om wyse besluite te neem.

Gebedsfokus op redding: 15 000 mense vind Jesus in die herlewing in die dorp Nokia

Die Finse dorp Nokia is die tuiste van een van die wêreld se voorste selfoonmaatskappye. Wat egter minder bekend is, is dat 'n geraamde 15 000 mense Jesus oor die afgelope 18 jaar in hierdie dorp gevind het. Duisende is genees en talle kerklike selgroepe het ontstaan. Die byeenkomste op Sondae trek nog steeds tot soveel as 6 000 mense. (Webruimte: http://www.christiantelegraph.com/issue4426.html). Dank die Here dat Hy die lewens van hierdie mense op soveel maniere aangeraak het, maniere waarvan ons meestal nie weet nie! Dank die Here vir wat Hy in hierdie gemeenskap gedoen het. Bid dat die getuienisse sal aanhou versprei en baie meer in die Koninkryk van God sal intrek.

Woensdag 5 Augustus 2009

Die heiligheid van God: Ek bely, glo en getuig dat God heilig is. Mag die mense in ons land U heiligheid sien en wegdraai van sonde en ongeregtigheid. Wie kan in die teenwoordigheid van die Heilige God van hemel en aarde staan? (**1 Sam.6:20**). Mag U heiligheid mense van sonde oortuig en dat hulle sal verstaan dat niemand God sonder heiligmaking sal sien nie (**Heb.12:14**). Ons bely en proklameer teenoor die hele wêreld: God is 'n verterende vuur (**Heb.12:29**). Saam met die 24 ouderlinge, die menigte van engele in die hemele en die vier lewende wesens rondom die troon van God wil ons dag en nag uitroep: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom (**Op.4:8**).

Gebedsfokus op redding: Tanganjikameer

Minder as 1% van die mense wat by die Tanganjikameer bly, is Christene. Vra dat God Sy beloftes wat ook vir hulle is, sal vervul, asook Sy planne om hulle voorspoed te laat ervaar en hulle nie skade aan te doen nie, en planne om hulle hoop en 'n toekoms te gee. Bid dat hulle God met hulle hele hart sal begin soek (**Jer.29:10-14a**). Dank God vir die vooruitgang van Sy koninkryk. Verskeie kerke en uitreikgroepe het hande gevat met die sendelinge en dit het God se hart vir die verlorenes gewys. Prys God vir Sy liefde en ontferming. (*OM/ProChristo, Good News II Ministry.* Webruimte: www.ltprayer.org of e-pos: gnews2@gmail.com).

Donderdag 6 Augustus 2009

Die geregtigheid van God: Ek bely en glo dat God regverdig is, dat dit vir my insig gee en dat ek daarvolgens kan lewe (**Ps.119:144**). Ons bid dat U 'n einde sal maak aan al die bose dade van die goddelose mense en reg sal doen

aan die onskuldiges, want U is die regverdige God (**Ps.7:10**). As Gelowiges bely ons dat alles wat God doen, regverdig is, sonder onreg en betroubaar (**Deut.32:4**). Ons verklaar: God regeer regverdig oor ons land (**Jer.23:6; Op.16:5-7**).

Gebedsfokus: Laat Tunisië herleef
Tunisiese Gelowiges het ander Gelowiges binne en buite Tunisië genooi om elke Maandag saam met hulle te vas en te bid. In die verlede het die polisie Gelowiges gedurig geïntimideer en gedreig dat hulle hul werk sal verloor, dat hulle nie skoolgeld vir hul kinders sal hê nie, dat hulle fisies aangerand kan word en dat hulle skande oor hulle familie bring. Sommige Gelowiges "kruip jare lank weg" deur vir niemand te vertel dat hulle Christene is nie omdat hulle meen dat hulle die enigste Tunisiërs is wat hierdie keuse gemaak het. Bid dat daar in 2009 'n merkwaardige uitstorting van die Heilige Gees oor die mense van Tunisië sal plaasvind. Bid dat die Here die Christene van vrees sal verlos en dat hulle met mekaar kontak sal maak en so van die leuen ontslae sal raak dat hulle die enigste Gelowiges is. (*Operation Mobilization*. Webruimte: www.omusa.org en www.revivetunisia.com of e-pos: info@usa.om.org).

Vrydag 7 Augustus 2009
Die Here is goed: Ek bely, verklaar en glo dat dié wat na God kom, self sal ondervind dat Hy goed is (**Ps.34:9**). Ons glo dat U die dors geles het van dié wat dors het, dat U die goeie in oorvloed gee aan dié wat honger ly (**Ps.107:9**). Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na sy wil vra; dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here (**Klaagl.3:25-26**). Ons bid dat die wêreld mag sien dat God sy goedheid aan ons geopenbaar het; dat Hy in sy liefde en goedheid Jesus as Verlosser aan ons gegee het (**Tit.3:4**). Ons proklameer teenoor die mense van ons land: "God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld!" Mag mense verstaan dat God se goedheid hulle tot bekering wil lei!(**Rom.2:4**).

Gebedsfokus op Israel: Hulp benodig
Ongeveer 1,6 miljoen Israeli's leef onder die broodlyn. Voortdurende terreuraanvalle vererger die situasie aangesien baie mense te getraumatiseer is om te werk en sakeondernemings en huise erg beskadig is. Baie Christenvrywilligers in organisasies en die fondse vanaf ander nasies help op verskillende maniere. Bid **Rom.15:27b**, dat Gelowiges oop harte en hande sal hê om hierdie volk te help. Bid vir wysheid, liefde, deernis en vaardighede vir die vrywilligers om beide die fisiese en die emosionele skade te help herstel. (*Christian Friends of Israel*. Tel./faks: 012 361 1437. Webruimte: http://www.cfijerusalem.org/ of e-pos: allwiese@lantic.net).

Saterdag 8 Augustus 2009
God antwoord gebed: Ek glo, bely en proklameer dat God gebed antwoord. Wanneer ons roep, sal U antwoord, wanneer ons uitroep tot Hom, sal Hy antwoord: "*Hier is Ek*". Ek verklaar dat ek glo as U vir die mense van ons land sê: "*Bid en Ek sal vir julle gee, soek en julle sal vind, klop en vir julle sal oopgemaak word*" (**Matt.7:7**). Ek glo dat die Here sy oë oral op die aarde het sodat Hy dié kan help wat met hulle hele hart op Hom vertrou (**2 Kron.16:9**). Ek glo dat as die regverdiges om hulp roep, die Here hulle hoor en hulle uit al hulle benoudhede red (**Ps.34:16,18**). Ek wag geduldig op die hulp van die Here (**Klaagl.3:26**). Ek werp my bekommernis op die Here, want Hy het belowe om vir my te sorg (**1 Pet.5:7**). Ek bely dat God vir ons die begeertes van ons hart sal gee as ons ons vreugde in Hom sal vind (**Ps.37:4**).

Gebedsfokus op wêreldgesondheid: *Ninth International Congress on AIDS in Asia and the Pacific (ICAAP)*
Die negende *International Congress on AIDS in Asia and the Pacific (ICAAP)*, word van 9-13 Augustus in Bali, Indonesië gehou. (Webruimte: http://www.icaap9.org/). Die *AIDS Society of Asia and the Pacific* het vir meer as vyftien jaar die voogdyskap van die tweejaarlikse internasionale kongres oor VIGS in Asië en die Stille Oseaangebied *(ICAAP)* gehad en het 'n sleutelrol gespeel in die opbou van toegewyde netwerke in die stryd teen MIV en VIGS in die streek. Die negende *ICAAP* sal weer eens hierdie benadering versterk. (Webruimte: http://www.unaids.org/en/KnowledgeCentre/Resources/Calendar/20090120_MajorEvents2009.asp). Bid dat almal wat hierdie kongres bywoon, ook 'n duidelike begrip sal hê van wie God die hemelse Vader is en wat Sy Seun Jesus Christus vir hulle persoonlik kom doen het. Vra dat hulle strategieë sal ondersoek en in werking stel wat werklik op praktiese maniere tot die voordeel van MIV/VIGS-slagoffers in hulle gebied sal wees.

Memoriseer
Jou vrou is in jou huis soos 'n vrugbare wingerdstok, jou seuns is rondom jou tafel soos jong olyfboompies! (**Ps.128:3**).

Skep jou persoonlike gebedshuis: Fokus op beskerming
Laat ons nie in versoeking kom nie
Ons kom almal elke dag voor talle selfgesentreerde begeertes te staan. Al is ons menslik, kwesbaar en oop vir 'n aanval, is elke versoeking 'n geleentheid om te groei en genade by God te vind. Om versoek te word is nie 'n sonde nie; sonde is die gevolg van toegee aan versoeking. As ons hierdie gebed 'laat ons nie in versoeking kom nie' bid, beteken dit ons vra dat die Here ons moet help om nie voor versoeking te swig nie (**Jak 1:14-15**). Versoekings kom nie van God af nie, en self lei Hy niemand in die versoeking nie (**Jak.1:13**). Volgens **1 Johannes 2:16** is daar drie belangrike terreine waarop ons versoek word. (1) Begerigheid - die dinge wat ons sien en wat die sondige mens begeer, (2) Wellus – jaloesie en begeerte na ander en dit wat iemand anders het, en (3) Hoogmoed – om te spog met wat ons is en het. Hierdie "vertrek" in die "Ons Vader" huis van gebed is 'n plek waar ons teen versoeking beskut kan wees as ons in groot nederigheid en afhanklikheid van die Vader hierin bly. Hier bid ons dat die goddelike teenoorgestelde in ons lewens sal heers: Vrygewigheid, reinheid en nederigheid.

Stel jouself in op God se perspektief: As jy na jou lewe kyk, kan jy agterkom hoe jy ook met sekere kwessies op hierdie drie terreine worstel? Skryf dit neer en sit die papier op 'n plek waar jy elke dag daaraan herinner kan word, soos bv. aan die binnekant van jou kasdeur, teen die spieël ensovoorts. Vra dan elke môre vir die Vader om jou te help om nie daardie dag aan die spesifieke versoeking(s) toe te gee nie, op watter manier dit ook al na jou toe gaan kom. Onthou dat jy in elke situasie die oorwinning kan hê deur die Naam van Jesus Christus. Pas dit met vertroue toe sodat jou lewe Hom waarlik in alle omstandighede sal verheerlik! Onthou ook die wapenrusting wat God ons gee (**Ef.6:10-18**).

God is 'n Vader: Ek verklaar, bely en glo dat U ons Ewige Vader is (**Deut.32:6**). Saam met die Kerk oor al die eeue verklaar ons dat ons glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde. U het Uself met 'n verbond aan ons verbind deur te verklaar dat U vir ons 'n vader sal wees en dat ons U seuns en dogters sal wees (**2 Kor.6:18**). Ons Vader wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word, laat U koninkryk kom in ons land (**Matt.6:9-10**). As individue en as Kerk wil ons U ken soos U werklik is en wil ons U verheerlik soos U Seun U verheerlik (**1 Joh.2:13-14; Joh.17:1-4**). Ons aanvaar U straf en vermaning as opvoeding sodat ons daardeur gevorm kan word, ons onsself aan U kan onderwerp en mag deel in U heiligheid en dat ons lewens goeie vrug kan oplewer. Ons bid dit ook vir die Kerk (**Heb.12:6-11**). Ons bely dat U 'n Vader is vir weeskinders en 'n beskermer van die reg van weduwees (**Ps.68:6**). Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien (**Ps.103:13**). U het die Gees van U Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba, Vader!" (**Gal.4:5-7**).

Gebedsfokus op vroue: *Nasionale Vrouedag*
Bid asseblief vir vandag se viering van *Vrouedag*, dat die eer nie aan mense nie, maar aan God gegee sal word vir Sy invloed in ons lewens. Bid dat vroue hulle vertroue in God sal stel, ook vir praktiese deurbrake rakende *gender*-kwessies. (Vir meer inligting oor hoe om vandag 'n rol te speel, kontak *National Women's Day Africa Christian Action*, Posbus 23632, Claremont, 7735. Tel.: 021 689 4481, faks: 021 685 5884, webruimte: www.christianaction.org.za of e-pos: info@christianaction.org.za).

Vroue wat bid: Hoe om te bid vir iemand wat 'n ouer verloor het

Die dood is altyd traumaties en veral ook wanneer jy een van jou ouers verloor het. Die meeste mense ervaar gevoelens van geweldige verlies en pyn. Hoe bid ek vir mense wat 'n ouer verloor het? Hier volg 'n paar riglyne.

1. **Ondersoek jou eie hart.** Dit is belangrik dat hulle nie sal voel jy weet beter as hulle nie, of dat jy presies weet hoe om so iets te hanteer nie, of dat jy verhewe is bo die pyn en verlies van die persoon wat daarmee moet deel nie.
2. **Luister.** Laat jou woorde min wees as jy met mense praat wat die verlies van 'n geliefde moet verwerk. Moenie vir hulle preek nie en moenie probeer om die tyd wat hulle nodig het om te treur oor die verlies van 'n

ouer, te verkort of te beëindig nie. Om te treur oor die verlies van 'n geliefde neem tyd en dit is belangrik vir iemand om die hele rouproses te voltooi. Gun hulle al die tyd wat hulle nodig het. Ons maak alles net moeiliker as ons sê hulle moet net glo, dan sal alles reg wees en die pyn weggaan. Om die dood te aanvaar neem tyd, selfs jare.

3. **Wees opreg.** As jy saam met die persoon bid, maak jou gebede kort en moenie deur jou gebede preek nie. Wees opreg en bid vir hulle werklike behoeftes en vir die omstandighede waarvoor hulle te staan gekom het met die dood.
4. **Bedien versigtig, gevul met God se liefde.** Wag in God se teenwoordigheid voordat jy bid. Vra vir Hom wat jy moet bid. Laat Hy jou lei. In tye van hartseer en verlies is mense meer oop om te dink oor die totaliteit van die lewe, oor hulle eie waardes, prioriteite, sondes, gesindheid teenoor die lewe, hulle aktiwiteite en die dinge wat vir hulle kosbaar is. In hierdie tye openbaar God Homself dikwels aan so iemand. Dit is waarom jy mooi moet luister na die stem van die Heilige Gees, onthou - elke individu se lewensomstandighede is verskillend. Soms mag hulle so verpletter wees dat hulle nie verby die dood van die ouer kan kyk nie. Bid met 'n hart vol deernis, omgee en liefde en nie met veroordeling nie.
5. **Die kwessie van redding.** Dit is baie moeilik as iemand wat 'n ouer verloor het, vermoed dat hulle vader of moeder nie die Here Jesus geken het nie. Bid dat hulle hulle onsekerheid in God se hande sal plaas en die hele situasie aan Hom sal toevertrou, Sy oordeel en Sy wysheid in alles sal vertrou. Hiervoor is geen maklike antwoorde nie, ons moet die Vader vra om die Heilige Gees te stuur om hulle te bedien.
6. **Vrae wat beantwoord moet word.** Wanneer mense die realiteit van die dood van iemand naby hulle ervaar, vra hulle baie vrae. Daar is dikwels bitterheid teenoor God, mense blameer God dat Hy liefdeloos en genadeloos is, ens. Bid dat hulle God se wysheid in die situasie sal aanvaar, dat hulle sal weet dat God te wys is om 'n fout te maak en dat Hy te goed is om wreed te wees.
7. **Stap vir stap.** Volgens sielkundige navorsing gaan mense deur ongeveer 5 fases in die rouproses:

Eerstens is daar dikwels ontkenning dat die ouer dood is. Bid tydens hierdie fase vir emosionele krag en aanvaarding.

Soms probeer mense in die tweede plek om met God te onderhandel, bv. sommige sal God vra om die oorledene op te wek. Bid dat die persoon God se karakter sal vertrou en nie onverantwoordelik sal optree nie en dat hy Jesus sal vertrou as die Een wat die sleutels van die dood en die doderyk vashou. (**Op.1:18**).

Derdens kan mense woede ervaar teenoor God; of teenoor die dokter wat 'n verkeerde diagnose gemaak het; of teenoor die persoon wat die ongeluk veroorsaak het waarin die moeder of vader dood is. Bid dat die persoon sal verstaan dat geen aspek van lewe buite die absolute soewereiniteit en beheer van God is nie – dat God altyd in beheer is. Omstandighede en die bose kan God nie onkant betrap nie.

Vierdens tree depressie soms in wanneer besef word dat niks hieraan gedoen kan word nie. Hulle verstaan uiteindelik dat die oorledene nooit weer sal terugkom nie. Nou moet ons aanhou om vir die persoon te bid – hier is soveel emosies om te verwerk. Bid dat hy sal verstaan wat regtig in sy hart is en dat hy in staat sal wees om al sy twyfel, pyn, leegheid en hartseer vir God te gee.

Vyfdens is daar aanvaarding en herstel. Probeer om agter te kom waar in die rouproses die persoon is. Bid saam met hulle en vir hulle deur elke fase. Onthou elke mens is uniek, en elke fase gaan nie dieselfde tyd neem om deurgewerk te word nie. Dikwels steek mense vas of slaan hulle sommige fases oor. Wees versigtig om nie klinies te dink en te bid nie, bid asof dit jyself is wat so 'n ontsettende verlies ervaar het.

8. **Gemengde gevoelens.** Wanneer iemand se ouer na 'n lang siekbed aan kanker of so iets dood is, mag hy tegelykertyd 'n gevoel van vreugde en/of verligting ervaar (verligting ter wille van die persoon wat gesterf het). Baie sal skuldig voel omdat hulle verlig voel. Bid oor hierdie valse skuldgevoelens. Bid dat hulle sal verstaan dat dood die einde van lyding beteken en dat ons bly moet wees dat die oorledene uiteindelik verlos is van pyn.
9. **Pilaar van Sterkte.** As 'n vader te sterwe kom, is dit asof die koepel van beskerming oor die gesin skielik weg is. Daar is nou niemand wat hulle kan 'beskerm' of vir hulle kan sorg nie. Bid vir 'n diepe bewustheid dat God hulle Vader is en dat hulle onder die permanente oorkoepeling en sekuriteit van hulle Hemelse Vader kan rus. Bid ook dat die pa of vaderfiguur wat agtergebly het, sy verantwoordelikheid sal besef om nou daardie koepel van beskerming te wees, dat hy outoriteit vir die hele gesin sal neem, waar nodig. Soms is dit moeilik omdat baie mense voel hulle is nie daartoe in staat nie. Soms moet 'n ma hierdie posisie inneem wanneer die pa afwesig is.
10. **Pilaar van troos.** Vir sommige mense is dit iets heeltemal anders wanneer 'n moeder sterf. Skielik is die een wat jou in haar baarmoeder gedra het, jou kos en klere gegee het, gesoen het, vir jou gebid het en saam met

jou gehuil het, weg. Vir baie is dit 'n groter emosionele ervaring as die dood van 'n vader. Bid dat so 'n persoon in staat sal wees om sy/haar emosies te verwoord. Moet hulle nie daaroor veroordeel of hulle probeer stilmaak as hulle daaroor wil praat of as die tyd van rou langer aanhou as wat jy dink 'nodig' is nie. Ons is emosionele wesens en emosies het tyd nodig om te genees.

11. **Die lewe gaan aan.** Ons vind dikwels dat sommige mense in staat is om die dood op 'n rasionele vlak te hanteer, maar sukkel om hulle emosies en die waarhede van die Woord in lyn te bring met hulle rasionele begrip. Bid hieroor saam met hulle en vir hulle. Bid dat hulle nie net in staat sal wees om te verstaan dat daar steeds betekenis in die lewe is nie, maar ook dat die afsterwe van hulle vader of moeder nie die einde van hulle eie lewens is nie. Dit is ook belangrik vir hulle om weer by 'n plek uit te kom dat hulle die lewe kan geniet, vry van hartseer, en dat hulle nie nodig het om skuldig te voel as hulle soms vergeet van die een wat dood is nie. Bid dat hulle tot 'n dieper emosionele rypheid sal groei in die genot en waardering van die lewe.
12. **Bid Skrif.** Hier is 'n paar Skrifverwysings wat gebruik kan word wanneer jy vir iemand bid wat 'n ouer verloor het: **Psalm 23:4; Johannes 14:2-3; 2 Korintiërs 5:1; Openbaring 21:4-7**.

Maandag 10 Augustus 2009

God vergewe en red: Ek bely, verklaar, proklameer en glo dat God sonde vergewe en dat Hy wil hê dat ongereddes en goddeloses hulle van hulle sonde sal bekeer. Here, U is ons verlossing. Ons bid dat U goddeloses en ongereddes in hierdie land sal verlos sodat dit eer aan U Naam kan bring (**Ps.79:9**). Here Jesus, U het U Seun gestuur om die prys vir ons sonde te betaal; daarom vra ons met vrymoedigheid vir die redding van die mense van ons land (**Joh.3:16**). U het geen behae in die dood van die goddeloses nie, maar wil hê dat hulle hulle sal bekeer en wegdraai van hulle verkeerde weë.

Gebedsfokus op redding: Motorfietsryers

Honderde mense beoefen motorfietsry as 'n stokperdjie. Baie meer gebruik 'n motorfiets bloot as vervoermiddel. Dra motorfietsryers in gebed aan die Here op. Bid dat Hy in hulle daaglikse lewe sal ingryp, hulle harte sal aanraak en hulle in 'n intieme verhouding met die Here Jesus sal intrek. Bid vir hulle veiligheid op die pad en vir dié van motoriste, en dat hulle versigtiger sal ry, veral op die snelweë. Bid vir seën op die getuienis van Christen-motorfietsryers.

Dinsdag 11 Augustus 2009

Die getrouheid van God: Ek bely, glo en verklaar dat U getrou is, dat U sal doen wat U beloof het en nie een van U groot en goeie beloftes sal vergeet nie (**Jos.23:14**). Ek weet dat U nie onregverdig is nie, ons nie sal vergeet of in die steek sal laat nie (**Gen.28:15; Heb.6:10**). As Gelowiges kom ons met opregte harte en met volle geloofsekerheid na U sodat U ons kan help en ons van ons sonde en 'n skuldige gewete kan reinig (**Heb.10:22**). Met volle sekerheid vertrou ek my lewe aan U toe. Ek staan vas in die sekerheid dat U nie die vervulling van U beloftes uitstel nie, maar dat U geduldig is en nie wil hê dat enige persoon in ons land verlore moet gaan nie (**2 Pet.3:9**).

Gebedsfokus op gesondheid: Gene-sifting vir borskanker

Gene-sifting is vinnig besig om 'n kragtige instrument te word in sowel die diagnose as die behandeling van kanker. Hoe meer gene identifiseer kan word, hoe waarskynliker is dit dat 'n gewas op behandeling sal reageer. Borskankerpasiënte maak ook toenemend staat op 'n ander genetiese toets, OncotypeDx, wat die risiko kan bepaal dat die borskanker kan hervat en ook watter chemoterapeutiese middels die beste teen 'n bepaalde gewas ingespan moet word. (Webruimte: http://www.time.com/time/specials/2008/top10/article/0,30583,1855948_1863993_1864003,00.html). Dank die Here vir hierdie deurbraak in kankernavorsing. Bid steeds dat hierdie toetse effektief sal wees en dat 'n dramatiese deurbraak vir die genesing van alle tipes kanker binnekort gevind sal word.

Woensdag 12 Augustus 2009

Die soewereiniteit van God: Ek verklaar, bely en glo dat U, Vader, Seun en Heilige Gees, soewerein oor die hemel en aarde regeer en dat alles in ons land onder U beheer is. U regeer oor ons land vanwaar U op U heilige troon sit (**Ps.47:9**). Mag die mense van hierdie land U erken as die Koning van die nasies (**Jer.10:7**). Ons bely, verklaar en glo dat U van elke ding in ons land weet, dat niks in hierdie land U intimideer en dat geen probleem so groot is dat U dit nie kan hanteer nie.

Gebedsfokus op prostitusie: Twee bordele gesluit
Die ontdekking van twee bordele in 'n woonbuurt in sentraal-Swaziland waar minderjarige meisies as prostitute gewerk en slegs kos as betaling ontvang het, het golwe van skok en simpatie deur 'n land gestuur wat onder chroniese armoede en 'n gebrek aan voedsel gebuk gaan. Die twee bordele in Mbhuleni, waar 35 meisies met ouderdomme tussen 14 en 17 jaar seks verruil het vir 'n basiese maaltyd in kafees in die buurt, is gesluit. Na raming is 40% Swazi's werkloos. (Webruimte: http://www.irinnews.org/Report.aspx?ReportId=82246). Dra hierdie en ander soortgelyke situasies in gebed aan die Here op. Bid dat die kinders uit hierdie tipe omstandighede gered sal word. Vra dat daar meer hulpverleningsagentskappe na vore sal kom om spesifiek die Swazi's te help en plekke op te rig waar kinders minstens een maaltyd per dag gratis kan kry. Bid ook dat die Kerk in Swaziland midde-in hierdie omstandighede sal opstaan en die armes op praktiese maniere sal help.

Donderdag 13 Augustus 2009
Die lankmoedigheid van God: Ons bely, verklaar en glo dat U 'n barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou is (**Eks.34:6**). Daarom vra ons dat U lankmoedig met ons sal wees in hierdie land van ons. Ons vra dat U ons nie in U toorn sal veroordeel nie, maar ons met geduld na U sal trek. Mag U ons onkunde oorsien, mag ons U wysheid bekom en mag U Gees orals oor die land in mense se harte uitroep dat hulle hulle moet bekeer (**Eseg.20:17**). Ons bely dat God deur sy goedheid mense tot bekering wil lei (**Ps.103:8-10**). Wanneer ons vir die kerk en vir ons land bid, beroep ons ons op U lankmoedigheid.

Gebedsfokus op Israel: Ernstige droogte
Die See van Galilea is Israel se vernaamste waterbron. Sedert Januarie kon geen water daaruit gepomp word nie omdat die watervlak te laag gedaal het en die water deur soutwaterfonteine besoedel kan raak. Israel gaan tans gebuk onder die ergste droogte in sy geskiedenis. Die bevolking neem toe en natuurlik styg die vraag na water. Bid vir God se genade oor die land na aanleiding van **Ps.68:10, Ps.147:8** en **Matt.5:45**. (*Christian Friends of Israel*. Tel./faks: 012 361 1437. Webruimte: http://www.cfijerusalem.org/ of e-pos: allwiese@lantic.net).

Vrydag 14 Augustus 2009
Medelye van God: Ons bely, verklaar en glo dat God 'n genadige God is, dat Hy 'n geknakte riet nie sal afbreek nie, 'n lamppit wat dof brand, nie sal uitdoof nie (**Matt.12:20**). Ons bely dat Hy ons siekte en sonde op Homself geneem het om ons vry te maak (**Jes.53:4-5**). Ons bely dat Jesus gekom het om die werke van die Bose te verbreek (**1 Joh.3:8**). As Christene bely ons dat die Hoëpriester wat ons het, nie Een is wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar het nie gesondig nie. Daarom bid ons, Here, dat U medelye met ons sal hê in hierdie land.

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Die Bybel vir die Japannese
Minder as 1% van die 127 miljoen mense in Japan beskou hulleself as Christene, 'n uitdaging wat die werkers van *Operasie Mobilisasie* (*OM*) in daardie land met ywer aangepak het. Die Japannese is so lief vir strokiesprente dat treine vol pendelaars almal met hulle neuse in die jongste strokiesprentboek (*manga*) sit. *Operasie Mobilisasie* en *The Evangelical Alliance Mission* het begin om 'n Christelike strokiesprentboek, die *Manga Messiah*, te versprei. Dit beslaan 300 bladsye en beeld die lewe van Jesus uit. Sommige mense glo dat dit selfs meer effektief is as 'n eenmalige vertoning van die *JESUS Film*. (*Breaking Christian News*. E-pos: editor@breakingchristiannews.com). Dank die Here vir hierdie kreatiewe stuk materiaal wat die lewe van Jesus uitbeeld. Bid dat die Japannese dit nie as net nog 'n strokiesprentboek sal beskou nie, maar diep daardeur geraak sal word en sal begin soek na 'n persoonlike verhouding met Jesus.

Saterdag 15 Augustus 2009
God is 'n vuur: Ek bely en proklameer dat die Here ons God 'n verterende vuur is en onverdeelde trou aan Hom eis (**Deut.4:24**). Hy is 'n God wat Hom telkens as 'n God van vuur openbaar – so het Hy Homself aan Moses, Abraham, Elia en aan die kerk in Handelinge geopenbaar. Uit sy troon stroom daar 'n rivier van vuur (**Dan.7:10**). 'n Vuur trek voor Hom uit en verteer sy vyande aan alle kante (**Ps.97:3**). Mag U vuur mense tot besinning bring en hulle los ruk uit wêreldgesindheid, ligsinnigheid, hoogmoed en elke vorm van selfbeheptheid.

Gebedsfokus op die omgewing: *Wêreldwaterweek in Stockholm*: 16-22 Augustus 2009
Die *Wêreldwaterweek in Stockholm* is sedert 1991 die jaarlikse fokuspunt van die aarde se waterkwessies. Die Week verskaf 'n unieke forum vir die uitruil van sienings en ervarings tussen wetenskaplikes, sakemanne, beleidmakers en burgerlike gemeenskappe. Dit fokus op nuwe denke en positiewe optrede met betrekking tot waterverwante uitdagings en die impak daarvan op die wêreld se agenda vir die omgewing, gesondheid, ekonomie en vermindering van armoede. (Webruimte: http://www.worldwaterweek.org/worldwaterweek/purposeandscope.asp). Aangesien ons ook geroep word om rentmeesters van die omgewing te wees, laat ons bid vir die Christene wat hierdie geleentheid bywoon, dat hulle leiding sal neem en verstandige oplossings sal aanbied vir die behoeftes wat wêreldwyd ondervind word. Moet nooit nalaat om te bid vir die redding van die persone wat so 'n geleentheid bywoon nie, sodat God daardeur verheerlik kan word.

Sondag 16 Augustus 2009

Memoriseer
Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop (**Hab.3:19**).

Skep jou persoonlike gebedshuis: Fokus op verlossing
Maar verlos ons van die bose
In die vorige gebedsvertrek het ons vir die Here gevra om ons nie in versoeking te laat kom nie. Maar ons is ook betrokke by 'n geestelike oorlog, wat ons net deur die krag van die Heilige Gees kan wen (**Rom.8:13**). Geestelike oorlogvoering is 'n realiteit (**2 Kor.10:3-5**) en dit gebeur elke dag hoofsaaklik in ons gemoed wanneer ons *elke gedagte gevange neem* en leer om net goddelike gedagtes te dink. Hoe voer 'n Christen oorlog? Die Skrif moedig ons aan om sterk te wees in die Here en die hele wapenrusting van God aan te trek sodat ons behoorlik voorberei kan wees wanneer ons by 'n geestelike geveg betrek word, wat NIE 'n geveg met mense is nie. Onthou ook, dit is nie ons teen die duiwel nie, dit is God in ons aan wie die oorwinning oor die duiwel behoort. Om van 'n demoniese binding verlos te word, moet ons die duiwel weerstaan deur gebed en deur die Woord van God te proklameer terwyl ons die Naam van Jesus aanroep. **Jakobus 4:7** leer ons om ons aan God te onderwerp en dan die duiwel te weerstaan. Die sleutel is dat, as jou verhouding met God reg is, is dit Sy krag in jou wat jou in staat stel om die duiwel te weerstaan. Dit is God se krag alleen wat die duiwel op die vlug laat slaan!

Stel jouself in op God se perspektief: Daar is nie genoeg plek om te skryf oor die wonderlike voorsiening wat God vir ons gee deur middel van Sy wapenrusting in **Efesiërs 6:10-16** nie. Lees hierdie gedeelte vandag. Soek meer leesstof wat die waarhede van geestelike oorlogvoering in hierdie Skrifgedeelte verduidelik. Wanneer jy in hierdie "vertrek" in die "Ons Vader"-gebedshuis bid, onthou om God se wapenrusting aan te trek.

Die krag van God: Ek bely, verklaar en glo dat alle krag in die hand van God Almagtig is en dat Hy met daardie krag Sy vyande verpletter, groot dade doen, die mag van Satan verbreek en ons red van elke gevaar (**Eks.15:6-8**). Daarom is Hy die bewerker van wonderdade. Openbaar U krag in ons land; mag mense U wonderdade sien sodat daar vir ons land genesing en herstel kan kom en mense gered sal word. Niks is vir U te groot nie en nie een van U woorde is sonder krag nie (**Luk.1:37**). Die Here is die oorwinnaar in elke stryd, ongeag die omstandighede (**Ps.24:8**). Ons bely en verklaar dat die Koninkryk van God nie 'n saak van praatjies is nie, maar van krag (**1 Kor.4:20**).

Sending in ons wêreld vandag

Daar is verskeie tendense wat die Kerk in gedagte moet hou wanneer daar vandag oor sending gedink en gebid word. Kom ons fokus op drie hiervan om vir ons 'n beter begrip te gee van die uitdaging wat voor ons lê en sodat ons ook beter kan verstaan hoe om daarvoor te bid.

1. **Die Kerk moet vredemakers word.** Tot ongeveer 1995 is oorlog gevoer op grond van baie verskillende, meestal sekulêre ideologië. Maar sedert die laat negentigs het daar 'n skuif gekom en godsdiens het die basiese ideologie vir oorlogvoering geword. 'n Studie van die oorloë oor die laaste 15 jaar sal dit bewys. Oorloë veroorsaak pyn en trauma, maar ook 'n geleentheid vir die Kerk om in sulke situasies in te beweeg om die liefde van Christus te demonstreer aan die slagoffers van beide kante. In die afvee van bloed en trane, die troos van weduwees en kinders, die omgee vir persoonlike behoeftes, kan mense die liefde van

God sien. Dit is op sigself nie evangelisasie nie, maar "pre-evangelisasie". Te midde van die pyn en die lyding kan mense God raaksien en hulle harte vir Hom oopmaak as hulle versorg word, ongeag of juis as gevolg daarvan dat die mense wat omgee, gesien word as die "vyand". In die jare wat kom, sal die Kerk hierdie geleenthede moet gebruik om uit te reik na die slagoffers van oorloë. Ons het vredemakers nodig, mense wat vrede en troos sal bring te midde van bloed en gebrokenheid.

2. **Sy troon staan op geregtigheid en reg.** Oor die laaste dekades het ons byna totale vernietiging van "gemeenskap-wees" in die wêreld gesien. Soos wat verstedeliking toegeneem het, het mense hulle kulturele identiteit en die gevoel van 'ek behoort by 'n gemeenskap' verloor. Eensaamheid tree in wanneer dit gebeur. Nog nooit in die geskiedenis het ons soveel eensame en ontwortelde mense gesien nie. Hoe onafhankliker mense word, hoe eensamer word hulle. As mense nie aan 'n gemeenskap behoort nie, begin hulle hulle sin van identiteit verloor. Dit het ook tot gevolg dat mense mettertyd hulle waardes prysgee of verloor of verward raak oor watter waardes om te behou. In sulke tye word die polisiemag die enigste kontrole oor mense wat buite beheer raak. Dit is dus kontrole van buite af. Die geleentheid vir die Kerk is die skep van nuwe gemeenskappe waar mense liefde, identiteit en 'n sin van betrokkenheid kan beleef en versorg kan word. Jesus noem Sy volgelinge Sy vriende en ook Sy broers en susters. Dit is familie en gemeenskap. Mense het 'n diep begeerte om te behoort. Dit is in 'n familie dat mense vir mekaar kan sorg, na mekaar se stories kan luister en mekaar se probleme kan help dra. Gemeenskappe laat mense spesiaal en nodig voel. Ons evangelie is 'n evangelie wat mense insluit in die huishouding van God en deel maak van die familie van God, versoen met God. Sodoende kan ons die waardes van Die Koninkryk uitleef en dít sal op sigself wet, orde en reg herstel.

3. **Die groei van materialisme.** Aan die wortel van materialisme lê hebsug, die begeerte om onafhanklik te wees en om ewige skatte met tydelike dinge te vervang. In materialisme vervang "dinge" die geestelike behoeftes van mense en word daarop aanspraak gemaak dat dit moontlik is. Materialisme is kortsigtig, dit kyk net na hierdie lewe en maak nie voorsiening vir die ewigheid nie. Dit ignoreer ook die mens se diepste verlange wat net gedefinieer kan word as geestelik. Die antwoord van die Kerk is nie om 'n welstandsevangelie te verkondig wat met materialisme kan kompeteer nie. Die taak van die Kerk is om 'n ware, diep en eerlike spiritualiteit te preek en te leef. Ons moet 'n lewe van geloof leef, God vertrou om in ons behoeftes te voorsien en nie om rykdom te versamel en ons vertroue te plaas in dit wat ons in ons 'voorraadskure' versamel het nie. Die Kerk moet vanuit die realiteit van 'n diep persoonlike verhouding met Jesus Christus leef, om te leef met die bonatuurlike krag van die Heilige Gees, waar daar tekens en wonders, genesings, deernis, emosionele genesing en bevryding van demoniese magte en van die pyn van die verlede is. Die Kerk het nodig om in die realiteit van die vreugde van verlossing uit sonde te leef in 'n nuwe vryheid om Jesus te volg, wetende dat Hy in al ons behoeftes sal voorsien, materieel en geestelik.

Maandag 17 Augustus 2009

Die toorn en wraak van God: Ek glo dat wanneer 'n land sondig, die toorn van die Here teen daardie land ontvlam en dat Hy so 'n land straf, ongeag die land en ook ongeag die posisie en titel van enige persoon (**Deut.29:27; 2 Sam.6:7**). God openbaar vanuit die hemel Sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk (**Rom.1:18**). Wie aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom (**Joh.3:36**). Ek proklameer dat vir almal wat goddeloos is en hulle nie van hulle sonde wil bekeer nie, daar 'n dag sal kom dat hulle in grotte en in die berge sal wegkruip om die toorn van God te ontvlug. Dit geld vir die konings van die aarde, die hoofamptenare en die opperbevelhebbers, die rykes en die magtiges, ja, al die mense, slawe en vry mense, almal wat hulle nie van hulle sonde bekeer nie. Hulle sal vir die berge sê: "*Val op ons en bedek ons vir die oë van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam. Die groot dag waarop Hy die oordeel sal voltrek, het aangebreek, en wie sal staande kan bly*?" (**Op.6:15-17**).

Gebedsfokus van redding: Blindes

Daar is duisende blinde persone in Suid-Afrika. Hoewel hulle tot 'n groot mate gestremd is, is hulle in staat om 'n verskeidenheid take te verrig, o.a. om musiekonderrig te gee. Dra hulle vandag in gebed aan die Here op en bid vir hulle redding. Bid vir die van hulle wat aan depressie ly en onvergewensgesindheid in hulle harte het, dat hulle verlossing en vrede in hulle verhouding met die Here Jesus sal vind. Vra dat God vir hulle geleenthede sal gee om hulle getuienis te lewer en Hom te verheerlik.

Dinsdag 18 Augustus 2009

God as regter en Sy oordeel: Ek bely en proklameer dat God die regter van die hele aarde is en dat Hy reg sal laat geskied (**Gen.18:25**). Die Here is regverdig en reg in sy oordele en Hy wreek Hom op onreg en die dood van sy dienaars (**Op.19:2**). Die Here God, die Almagtige, is betroubaar en reg in sy oordele (**Op.16:5-7**). Daarom kom die oordeel ons nie toe nie, Here, en laat ons dit aan U oor om te oordeel. Ons pleit vir reg en geregtigheid in ons land en dat U as regter sal oordeel tussen reg en verkeerd en reg sal laat geskied in ons land. Dit is U reg om te straf en te vergeld. Teenoor die land en sy mense verklaar ek: Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val (**Heb.10:30-31**).

Gebedsfokus op gesondheid: Tradisionele genesers

'n Suid-Afrikaanse sangôma word daarvan beskuldig dat sy honderde VIGS-lyers regoor die land mislei het wat by haar deur kom toustaan het nadat sy na bewering duisende plakkate in Mpumalanga, Gauteng en Limpopo opgeplak het waarin sy daarop aanspraak maak dat sy MIV/VIGS kan genees. Hoewel sy beweer dat sy dit kan doen, kon sy egter geen bewys lewer van die doeltreffendheid van haar sogenaamde kuur waarvoor sy R1 500 vra nie. (Webruimte: http://www.sowetan.co.za/News/Article.aspx?id=913440). Bid asseblief vir almal wat deur soortgelyke beloftes mislei word. Bid steeds vir die armes en VIGS-lyers van ons land, dat hulle God sal vind as die oplossing vir hulle probleme. Bid ook dat die sangômas 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus Christus sal hê en hulle lewens volkome aan Hom sal oorgee.

Woensdag 19 Augustus 2009

God genees: Ek glo, verklaar en is bly dat U die Here is wat ons gesond kan hou (**Eks.15:26**). Dit is U wat ons seën en siekte van ons af weghou (**Eks.23:25**). U belowe dat dit goed gaan met die mens wat omsien na die swakke. U sal hom red op die dag van nood, U sal hom bystaan in sy siekte. As hy siek is, sal U hom genees (**Ps.41:2,4**). Dit is U wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees (**Ps.103:3**). Teenoor siekes proklameer ek: Oor ons oortredings is U deurboor, oor óns sondes is U verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op U, deur U wonde het daar vir ons genesing gekom (**Jes.53:1,4,5**).

Gebedsfokus op rentmeesterskap oor die omgewing: Feite oor waterverwante siektes

Nagenoeg die helfte van alle mense in ontwikkelende lande het op enige gegewe tydstip 'n gesondheidsprobleem wat deur gebreke in die watervoorsiening en sanitasie veroorsaak word. Die water- en sanitasiekrisis eis meer lewens as enige oorlog met wapentuig. (Webruimte: http://www.water.org/waterpartners.aspx?pgID=916). Bid steeds vir regeringsleiers regoor die wêreld, dat hulle hierdie probleem in hulle land met mening sal aanpak en geld in hulle begroting opsy sal sit vir die verbetering van fasiliteite om skoon water te voorsien. Bid ook dat Christelike bedienings die mense wat hulle bedien, sal inlig oor basiese sanitasie en op dié wyse ook geleentheid sal hê om die evangelie van God se reiniging van sondes te verkondig.

Donderdag 20 Augustus 2009

God breek vestings: Ek verklaar dat die wapens wat God ons gee, nie menslike wapens is nie, maar die kragtige wapens van God is wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak. Ons is ook gereed om met elke ongehoorsaamheid af te reken sodra ons eie gehoorsaamheid volkome is (**2 Kor.10:3-6**). Ek verklaar dat God my die mag gegee het om die geweld van die vyand te oorwin (**Luk.10:19**). Deur sy dood en opstanding het Jesus die mag van die dood en sonde oorwin. Hy het die mag van die Bose verbreek en dit geld nie net vir individue nie, maar ook vir die magte van die Bose in hierdie land. God wat vrede gee, sal die Satan spoedig onder ons voete verpletter (**Rom.16:20**).

Gebedsfokus op onderwys: Straatkinders kom alles te bowe vir goeie opvoeding

Veertig Graad 12-kandidate van die New Nation-skool het in 2008 die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen geskryf. Hierdie Vrededorp-skool maak spesifiek voorsiening vir kinders wat op straat woon, of in skuilings of huise waar 'n kind aan die hoof staan. Volgens die skoolhoof het hulle probleme met alkohol- en dwelmmisbruik. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=79&art_id=vn20090102064654324C724586&newslett=1&em=177813a1a20090102ah). Bid dat hulle dwelm- en alkoholmisbruik te bowe sal kom. Dank die Here vir hierdie verhoring van gebede en vir jongmense wat geleenthede aangryp! Bid dat hierdie skool ander skole sal inspireer om dieselfde

te doen, naamlik om geleenthede te verskaf vir kinders in haglike omstandighede. Bid dat God hierdie kinders sal vrymaak van dwelm- en alkohol misbruik.

Vrydag 21 Augustus 2009

God seën: Ek bely en glo en proklameer aan almal wat in God glo, Jesus volg en die Here met toewyding dien: Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee! (**Num.6:23-27**). Daarom vra ons: Stort u seën oor ons uit, vergroot ons grondgebied, neem ons in hierdie land onder U beskerming en weerhou onheil van ons sodat geen smart ons tref nie (**1 Kron.4:10**). In Jesus se Naam roep ek elke mens in hierdie land op: Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënwens, want dit is waarvoor God ons geroep het, dit sal maak dat ons die seën van God sal verkry (**1 Pet.3:9**).

Gebedsfokus: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*

Bid vandag asseblief vir die personeel wat by die onderskeie kantore van die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* regoor die land werk. Bid vir hulle en hul gesinne se veiligheid, krag en gesondheid. Vra ook dat God in hulle praktiese en fisiese behoeftes sal voorsien. Bid dat God hulle sal seën en beskerm en sal bewaar van elke strik wat die Satan vir hulle stel. Dank die Here vir elke stukkie leesstof wat die afgelope aantal jaar effektief vertaal, gedruk, gepos en versprei is. Dank die Here dat Hy ons help om die taak te verrig wat Hy ons opgelê het. Onthou om vir die volgende week te bid vir die pos van die *Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids*. Die afgelope jaar het daar elke maand honderde briewe en pakkies weggeraak wat na mense landswyd gepos is. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: http://www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Die Maand *Ramadaan*: Die vyfde Pilaar van Islam

Vanaf 22 Augustus tot 20 September, 2009, bid ons vir die beraamde 1,7 biljoen Moslems in die wêreld, vir God se genade oor hulle en dat die Heilige Gees Jesus Christus, God se Seun, aan hulle sal openbaar. Dit is belangrik om te weet dat die Here Christene wêreldwyd oproep tot gebed vir Moslems. Laat ons nie ophou bid nie. Wonderlike dinge gebeur en groot getalle Moslems hou steeds aan om hulle vertroue in Jesus Christus as Verlosser te plaas.

Jy kan gedurende hierdie tyd die gebedsaanwysings in hierdie gebedsgids volg. Oorweeg dit om ander te nooi om saam met jou te bid vir die redding van Moslems - in jou weeklikse biduur of Bybelstudie gedurende September. Dit is ook 'n wonderlike geleentheid om kinders te leer om te bid vir diegene wat nie die Here ken nie. Die kinders se gebedsboekie vir *Ramadaan* is nou beskikbaar vanaf http://www.30-days.net

Ramadaan strek oor 'n tydperk van 30 dae waarin Moslems niks eet gedurende die dagligure nie. Dit is die vyfde pilaar van Islam en verpligtend vir alle Moslems. Dit is deel van dit wat hulle moet doen om genoeg 'goeie werke' bymekaar te maak om hemel toe te gaan. Honderde miljoene Moslems vas gedurende *Ramadaan.* Elke Moslem probeer om Mekka minstens een keer in hulle lewe te besoek.

As Christene glo ons die pad na versoening met God en om hemel toe te gaan, is om die offer van Jesus, ons Verlosser aan die kruis, te aanvaar. Goeie werke sal nie vir ons die ewige lewe gee nie. Tog doen ons goeie werke uit harte vol van dankbaarheid en om God se liefde aan alle mense te demonstreer.

Laat ons dan gedurende hierdie 30 dae vir Moslems bid:

1. Dat God aan hulle Sy Seun Jesus Christus en Sy al-genoegsaamheid sal openbaar.
2. Vir 'n begrip van God se genade, vergifnis en liefde in die harte van Moslems.
3. Bid dat God hulle met Sy goedheid sal omvou: Want die Here is vir almal goed en barmhartig oor alles wat Hy geskep het (**Ps.145:9; Ps.103:22; Ps.103:8; Ps.57:3; Ps.89:14**).
4. Laat ons nie uit oordeel of uit vrees bid nie – maar met harte gevul met liefde en deernis.
5. Laat ons bid met geloof in God dat Hy Moslems sal red en met Hom sal versoen deur Jesus Christus.
6. Laat ons bid dat God die Moslems sal seën en genees en herstel sodat hulle in 'n persoonlike verhouding met Hom sal kom.

7. Bid dat hulle die Lewende God as hulle Vader sal erken. Die heersende gees in Islam is 'n gees van 'vaderloosheid'. Moslems het 99 name vir Allah, maar hy word nooit gesien as 'n god van liefde of as 'n vader nie.

Saterdag 22 Augustus 2009

100 Jaar vir *Gideons Internasionaal*

Gideons Internasionaal, die bediening agter die plaas van Bybels in hotelkamers en in die hande van mense reg oor die wêreld, vier vanjaar hulle honderdste bestaansjaar. Tot op datum het die organisasie 1,3 miljard Bybels in meer as 180 lande geplaas (70,7 miljoen in 2007 alleen), deur handpalmgrootte Bybels in hotelle, hospitale, gevangenisse, militêre basisse, skole en kolleges te sit. Navorsing wat in die hotelbedryf gedoen is, dui daarop dat ongeveer 25% van reisigers die Bybel in hulle hotelkamers lees. (*News Bytes*; e-pos: newsbytes@yahoogroups.com). Dank God dat Hy hierdie werk in stand hou. Bid vir guns vir *Gideons Internasionaal* waar hulle in onlangse jare met 'n toenemende aantal hofsake sit en hulle optrede voor die hof moet verdedig op grond van wetgewing in sekere lande.

'n Inleiding tot Islam

Alhoewel Islam met sy meer as 1 miljard volgelinge een van die wêreld se grootste godsdienste is, het baie mense slegs 'n vae begrip daarvan. Die meeste mense dink net aan beelde van die Midde-Ooste of Noord-Afrika met Bedoeïene op kamele, Palestyne wat die Israelse polisie met klippe bestook of radikale fundamentaliste wat 'n Djihad probeer regverdig. Maar hierdie prentjie is nie heeltemal juis nie. Van die tien nasies met die grootste bevolkings (meer as 700 miljoen altesaam) is slegs drie in die Midde-Ooste. Glo dit of nie, Islam het 'n Asiatiese gesig, en daar is meer Moslems wat visnette gebruik as wat grond-tot-lugmissiele afvuur. Daar woon meer Moslems in reënwoude as in woestyne. Die meeste woon in lande waar sendingwerk moontlik is en soms selfs verwelkom word.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009: Dag 1**

Ongeloof, geloof en liefde

Gedagtes en feite: Daar word dikwels gesê dat dit moeilik is om Moslems met die evangelie te bereik en natuurlik bied godsdienstige, kulturele en geestelike verskille uitdagings. Dit is egter nie onmoontlik nie, omdat niks vir God onmoontlik is nie (**Matt.19:26**). As Christen moet ek myself die vraag afvra of ek Moslems werklik liefhet. Geloof in Christus is belangrik, maar is ek ook lief vir Moslems? Hoe sal ek reageer as 'n man in Moslemdrag by my kerk instap? Hoe sal ek optree as 'n pasbekeerde Gelowige uit 'n Moslemagtergrond in my familie wil introu? Is ek bereid om geld te gee sodat iemand die evangelie aan die Moslems kan gaan verkondig? Kritiseer ek hulle sonder om hulle te ken? Is ek bang vir Moslems?

Bid vandag: Sit 'n paar oomblikke opsy om jou hart voor te berei waar ons vandag gaan begin om vir die redding van Moslems wêreldwyd te bid. Wees eerlik met God oor jou antwoorde op hierdie vrae. *Vader God, waar ons vandag voor U kom om vir die redding van Moslems regoor die wêreld te bid, vra ons dat U vir ons 'n hart vol deernis sal gee om te bid net soos Jesus op hierdie oomblik aan U regterhand staan en bid. Gee vir ons die Vader se liefdevolle hart en moedig ons deur die Heilige Gees aan tot volhardende gebed.*

Sondag 23 Augustus 2009

Memoriseer

Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie (**Deut.31:6**).

Skep jou persoonlike gebedshuis: Fokus op Die Koninkryk

Want aan U behoort Die Koninkryk

Jesus se eerste preek was "*Bekeer julle, want die Koninkryk van die hemel het naby gekom*" (**Matt.4:17**). As Christene is ons burgers van die Koninkryk van God hier op aarde. Maar dit behoort nie aan ons nie, ons is net die seuns en dogters (erfgename) van die Vader deur Sy Seun Jesus Christus. Om vas te stel hoe ons prakties moet lewe as ambassadeurs van Die Koninkryk, moet ons wanneer ons voor moeilike kwessies te staan kom, die oorbekende vraag vra, nl.: *Wat sou Jesus doen?* Die Koninkryk van God word vanuit ons harte aan die wêreld weerspieël (**Luk.17:20-21**) oral waar ons gaan. Dit is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van geregtigheid, en vrede en blydskap in die Heilige Gees (**Rom.14:17**). **1 Timoteus 2:1-2** sê vir ons om koninkryksgebede te bid is om vir almal te bid, ook vir die Moslems. Gebed is die ruggraat van Sy koninkryk. Dit is een van die grootste bydraes wat

ons kan maak om die Koninkryk van God te bevorder, omdat ons dan ons onvermoë en gevolglike afhanklikheid van God erken en Sy krag, nie ons menslike krag nie, dan in werking tree.

Stel jouself in op God se perspektief: Twee belangrike dinge om vandag oor te dink is: (1) Vra jy nog deur die loop van die dag by elke geleentheid: *Wat sou Jesus doen?* Vra die Heilige Gees om jou daaraan te herinner om dit te vra en jy sal sien hoe radikaal dit jou gesindheid en die manier waarop jy dinge doen, sal verander! Dit is 'n avontuur! (2) Bid jy gereeld vir ander mense? Dit is hoe ek en jy die Koninkryk van God opbou. Vra die Heilige Gees om jou daaraan te herinner om voortdurend, soos wat Hy jou lei, vir alle mense te bid, en jou te leer om dit te begin doen (**1 Tim.2:1-2**). Doen 'n bietjie navorsing en stel vas wat in die Bybel bedoel word met smeking, gebed, intersessie en danksegging, en begin om dit in jou gebede in te sluit. Dit verg 'n bietjie inspanning, maar dit is Jesus se opdrag in Sy Woord en wanneer ons Sy opdragte gehoorsaam, bring dit altyd seën, vir ons en vir ander.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009: Dag 2**
Moslems se houding teenoor die Weste en Christene oor die algemeen
Gedagtes en feite: Baie Moslems verkies om hulle tradisionele lewenstyl te handhaaf en om beperkte kontak met nie-Moslems te hê. Globalisering, die Internet, televisie, beter vervoer en kommunikasie is egter besig om dit te verander. Die meeste Moslems maak geen onderskeid tussen die Westerse kultuur en die Christendom nie. Vir Moslems is alkoholgebruik, pornografie, populêre films, musiek, 'n liberale lewenstyl en die gebrek aan openbare godsdienstige praktyke tekens van die geestelike bankrotskap van Westerse lande. Die woord "Christendom" dui vir hulle op materialisme, 'n gebrek aan spiritualiteit en morele swakheid. In die woorde van een persoon wat die Moslems goed ken: "Baie Moslems het nog nooit 'n Gelowige teëgekom wat werklik 'n ware Christelike lewe lei nie. Dit is sekerlik een van die grootste struikelblokke in die bekendstelling van die Messias onder Moslems."
Bid vandag: *Heilige Vader, ons bid dat U sal gee dat Moslems opregte Gelowiges wat heilige lewens lei wat U waardig is, sal teëkom. Laat U liefde Gelowiges se vrees vir Moslemgeweld oorwin en hulle hul harte en hande laat uitsteek na hierdie kosbare mense.*

Hoe om vir Moslems te bid

Satan het baie skanse opgerig om te verhoed dat Moslems oop is vir die evangelie. Deur die geskiedenis heen is politieke en nasionale skanse opgerig tussen Christene en Moslems. Die kruistogte van die 11e en 13e eeue het diep en blywende wonde en bitterheid veroorsaak.

- Voordat jy bid, begin om God te prys vir wie Hy is: Vader, Seun en Heilige Gees. Dank Hom vir Sy groot liefde, genade en medelye. Verklaar Sy soewereiniteit en majesteit. Bid dat Moslems die drie-eenheid sal begin verstaan en Jesus sal aanvaar as Verlosser en nie net as profeet nie.
- Tweedens, bid vir die Kerk wêreldwyd – veral in die Moslemlande. Bid vir krag, moed, vasberadenheid, vrymoedigheid en beskerming vir die Gelowiges daar. Vra guns vir hulle en vir geleenthede om die evangelie met Moslems te deel.
- Derdens, bid vir die ongereddes. Die grootste aantal Moslems wat na die Here kom, kom na Hom deur drome en visioene. Bid vir goddelike besoeke aan sleutel Moslemleiers, dat hulle Jesus sal sien vir wie Hy werklik is. Bid vir genade vir die lande waar daar oorlog is, en vir die geweldige groot aantal vlugtelinge wie se lewens totaal en al ontwortel is.

Maandag 24 Augustus 2009
Gebedsfokus op redding: Ouer mense
Baie ouer mense voel dat hulle lewens verby is. Hulle verloor alle hoop en geloof, selfs in die waarhede wat hulle oor God glo. Nog baie ander is nie regtig seker oor hulle redding nie, of, anders gestel: "of hulle hemel toe sal gaan wanneer hulle sterf nie". Bid asseblief dat Christengelowiges ouer mense sal gaan besoek en hulle sal help om die evangelieboodskap van Jesus Christus op 'n baie persoonlike manier te verstaan. Bid dat ouer mense steeds geleenthede sal hê om Jesus Christus aan te neem en vir Hom te getuig.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009: Dag 3**
Jesus, die Seun van God
Gedagtes en feite: Moslems maak feitlik deur die bank beswaar teen die gebruik van die benaming "Seun van God" vir Jesus. Die vernaamste rede is dat "Seun van God" impliseer dat God die Vader seksuele omgang met

Maria gehad het en dat Jesus (die Seun) hieruit gebore is. Sommige Moslems (nie almal nie) verstaan die Christelike Drie-eenheid asof dit sou bestaan uit die Vader, Maria en Jesus. Hoewel dit vir Christene weersinwekkend en godslasterlik is, is dit dikwels hoe Moslems hierdie woorde verstaan. Vir die Christendom dui die benaming "Seun van God" op Jesus se majesteit, eer en heerlikheid (**2 Pet.1:16-18**). Die benaming het nie net met Sy Goddelikheid nie, maar ook met sy Koningskap te make. Natan se profesie in **2 Samuel 7:12-14**, een van die vroeë profesieë aangaande die Messiaanse Koning, praat van Dawid se nakomeling as God se Seun.

🕊 **Bid vandag:** *Vader van ons Here Jesus Christus, ons bid dat U die waarheid en 'n duidelike verstaan van Jesus Christus as U Seun in die harte van Moslems sal bring, sodat hierdie struikelblok wat Moslems van Christus weghou, verwyder kan word. Ons bid ook dat Gelowiges wat die evangelie verkondig, wysheid sal hê oor hoe om oor die maagdelike geboorte van Jesus Christus as Seun van God teenoor Moslems te getuig.*

Dinsdag 25 Augustus 2009

Gebedsfokus op die sterftesyfer: Sterftes in Suid-Afrika

Suid-Afrika beklee tans die derde plek in die wêreld as die land met die hoogste sterftesyfer persentasiegewys. Swaziland is eerste, gevolg deur Angola, met Lesotho in die vierde plek (*Top 10 of Everything*, 2009). Sewe van die tien lande met die hoogste sterftesyfer is in Suidelike Afrika geleë. Laat ons tot God roep dat elke persoon die geleentheid mag hê om Christus te leer ken en Hom in hulle lewens te ontvang. Vra dat God die medici genade sal gee om 'n geneesmiddel vir MIV/VIGS te vind, asook vir ander dodelike siektes, soos cholera en malaria.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009: Dag 4**

Geheime Gelowiges: Die ware koste om Jesus te volg

📖 **Gedagtes en feite:** Vir 'n Moslem wat 'n Christen word, is dit asof hy sy identiteit verloor. Dit is ook 'n skande vir sy familie. Hulle word deur hulle familie en ander Moslems verwerp, en word soms ook gedwing om van hulle huweliksmaat te skei. Sodoende verloor hulle hulle kinders, hulle erfenis, hulle werk en hulle woonplek. Baie vrees vir hulle lewens en word "geheime Gelowiges". Die outomatiese isolasie maak dit vir hulle baie moeilik om in hulle geloof te volhard. Volgens die Islamitiese wet, die Sjaria-wet, is dit vir 'n Moslem verbode om van geloof te verander. In Saoedi-Arabië, Iran, Maledive, Afghanistan en Jemen kan mense die doodstraf opgelê word as dit bekend word dat hulle 'n ander geloof aangeneem het. (Vir verdere inligting besoek die webruimte: http://www.secretbelievers.org/).

🕊 **Bid vandag:** *Barmhartige Vader, ons bid vir die geheime Gelowiges wat selfs op hierdie oomblik die moontlikheid van die dood in die gesig staar. Raak asseblief hulle gesinslede aan sodat hulle ook na Christus toe aangetrek sal word. Wek Gelowiges regoor die wêreld op om vir Gelowiges uit 'n Moslem-agtergrond te bid en hulle by te staan.*

Woensdag 26 Augustus 2009

Gebedsfokus op dwelmmisbruik: Nuwe dwelmmengsel in die Kaap

Die gebruik van heroïen is besig om teen 'n drastiese en ontstellende tempo toe te neem. Rehabilitasie-organisasies moet hierdie probleem hanteer sowel as die feit dat al hoe meer jonger kinders aan tik verslaaf raak. Hoewel dit voorkom of tik (kristal-metamfetamien) steeds die dwelm is wat die algemeenste in die Wes-Kaap misbruik word, is die getal heroïenverslaafdes wat hulp gaan soek, aan die styg. Meer mense raak nou verslaaf aan "ungah" ('n mengsel van heroïen en dagga). (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=79&art_id=vn20081017070915648C994314&newslett=1&em=177813a1a20081017ah). Kom ons roep na God oor die misbruik van dwelms in ons land. Vra dat die dwelmnetwerke opgespoor en vernietig sal word. Bid dat verslaafdes geleenthede sal kry om bevry en gerehabiliteer te word. Vir God blý alles moontlik!

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009: Dag 5**

Gebed vir die nasies: Die Guhayna van Soedan

📖 **Gedagtes en feite:** Die 1,3 miljoen Guhayna is hoofsaaklik 'n nomadiese groep wat in Sentraal-Soedan woon. Daar is maar min bekend oor hierdie mensegroep, behalwe dat hulle Soedannese Arabiere is wat hulle herkoms terugvoer tot die Bedoeïene wat eeue gelede in die woestyne van Saoedi-Arabië rondgetrek het. Die Guhayna handhaaf 'n streng kode van eer, lojaliteit en gasvryheid, die sterk rol van die man in die samelewing, die waarde van kinders, die onderdanigheid van vroue en die vyf pilare van Islam. Om Jesus as Here te bely is nie aanvaarbaar nie en het ernstige gevolge.

🕊 **Bid vandag:** *Magtige God, ons bid dat vrees vir vervolging deur Moslemfamilielede nie die Guhayna sal verhinder wanneer hulle daaraan dink om Christus te begin volg nie. Sal U asseblief Christengelowiges opwek wat bereid sal wees om 'n lewenslange verantwoordelikheid te aanvaar vir hierdie en ander mense groepe in Soedan totdat daar 'n deurbraak kom.*

Donderdag 27 Augustus 2009

Gebedsfokus op die ekonomie: Suid-Afrika ontwikkel kernbrandstof

Suid-Afrika se korrelbedmaatskappy het daarin geslaag om die partikels wat met uraandioksied bedek is, wat die basis van die hoë-temperatuur reaktorbrandstof uitmaak, te vervaardig. Die partikels verskil van konvensionele kernbrandstof in dié opsig dat dit 'n 9,6% verrykte uraanbedekte partikel is. Konvensionele kernbrandstof gebruik 'n metaalskans. (Webruimte: http://business.iafrica.com/news/1440860.htm). Dank die Here dat Hy die gebede verhoor het vir beter maniere om bestaande energiebronne te benut. Bid dat die navorsing wat steeds voortgaan, suksesvol sal wees en ook vir Suid-Afrika voordelig sal wees as 'n uitvoerproduk na ander lande.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009: Dag 6**

Gebed vir die nasies: Die Karanga van Tsjad

⛃ **Gedagtes en feite:** Die Karanga is 'n mense groep wat verwant is aan die groter Bantoegroep. Daar is ongeveer 117 000 Karangas in Tsjad. Hulle praat hulle eie taal en woon in 'n klein gebied buite die stad Abeche in die suidelike sentrale gedeelte van Tsjad. Daar is min bekend oor die Karanga.

🕊 **Bid vandag:** *Here van die oes, ons bid dat U getroue en lewenslange werkers na die Karanga sal stuur om die waarheid van Jesus Christus aan hulle bekend te maak. Roep asseblief die nasies om hierdie mense en ook ander mense groepe in Tsjad op kreatiewe maniere met die evangelie te bereik.*

Vrydag 28 Augustus 2009

Gebedsfokus op geregtigheid: Suid-Afrika

Suid-Afrika neem die negende plek in die wêreld in vir aangemelde misdaad, die tweede plek ten opsigte van die aantal moorde en die sewende plek vir die hoogste gevangenisbevolking (*Top 10 of Everything*, 2009). Party van hierdie syfers het die afgelope drie jaar gedaal. Laat ons die Here daarvoor dank, want Hy is getrou en Hy verhoor ons gebede. Laat ons volhard met gebed en bly vra dat reg en geregtigheid in ons land gevestig sal word as die fondament van Sy troon (**Ps.97:2**).

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009: Dag 7**

Gebed vir die nasies: Die Kaili Unde van Indonesië

⛃ **Gedagtes en feite:** Die 22 000 Kaili Unde woon aan die weskus van die provinsie Sentraal-Sulawesi in Indonesië. Die meeste van hulle is toegewyde Moslems en glo vas dat hulle uiteindelik volgens hulle lewenswyse geoordeel sal word. Hulle godsdienstige lewe is egter ook met antieke animistiese opvattings vermeng. Baie besoek gereeld die plaaslike Dukun (sjamaan of toorpriester) sodat hulle van siekte of bose geeste genees kan word. Daar is slegs 'n paar Gelowiges onder die Kaili Unde, maar daar is nog geen Bybel of enige Christelike materiaal in hulle taal beskikbaar nie.

🕊 **Bid vandag:** *Vader van die nasies, ons bid dat die Kaili Unde-mense 'n openheid en gewilligheid sal hê om die evangelie te ontvang* (**Rom.1:5; 16:26**)*. Wek asseblief mense op wat in staat sal wees om die Skrif in hulle moedertaal te vertaal. Gee asseblief ook dat hulle oor die Christelike radio en televisie in Indonesië sal kan optree om so die evangelie te verkondig.*

Saterdag 29 Augustus 2009

Gebedsfokus op gesondheid: Suid-Afrika se eie ARM's?

Die Suid-Afrikaanse *Raad vir Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsing* (*WNNR*) het 'n laekostemetode ontwikkel om die antiretrovirale middels te vervaardig wat gebruik word om MIV/VIGS te behandel. Dit baan die weg vir meer uitgebreide behandeling van MIV regoor Afrika. Die *WNNR* se nuwe tegniek sal die produksiekoste van timidien, 'n belangrike bestanddeel van die antiretrovirale middels (ARM's) AZT en stavudien, verlaag. Deur twee middels van verskillende klasse te gebruik, verminder die gekombineerde behandeling sowel die MI-virus se weerstand teen ARM's asook die ontstaan van ernstige newe-effekte. (Webruimte: http://health.iafrica.com/features/1449840.htm). Dank die Here vir antwoorde op gebed vir navorsing oor MIV/VIGS-behandeling en die feit dat dit deur 'n Suid-Afrikaanse maatskappy gebeur het! Bid steeds dat 'n geneesmiddel spoedig gevind sal word. Bid vir die navorsers in

hierdie projek, dat hulle gelowig sal word namate hulle onder die leiding van die Heilige Gees die misterie van MIV/VIGS ontrafel.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009: Dag 8**
Waar pas Mohammed in?
Gedagtes en feite: Mohammed word deur alle Moslems vereer as die laaste en grootste profeet. Mohammed word in geen opsig as goddelik beskou nie en hy word ook nie aanbid nie, maar hy is die voorbeeld wat alle Moslems in hulle daaglikse optrede moet navolg. Geen afbeelding van Mohammed word toegelaat nie (om afgodery te voorkom). Mohammed het na bewering in 610 n.C., op die ouderdom van 40, begin om openbarings en opdragte te ontvang wat hy geglo het van die aartsengel Gabriël afkomstig was. Hierdie "openbarings" vorm die grondslag van die Koran. Mohammed se eie gewoontes en optrede dien as riglyn vir alle Moslems. Die ooggetuieverslae en ander verhale oor sy lewe staan bekend as die "hadiths" en help Moslems om volgens hulle verstaan tussen reg en verkeerd te onderskei.
Bid vandag: *Vader God, ons dra elke Moslem wat die naam van 'Mohammed' het, vandag in gebed aan U op. Openbaar asseblief Uself aan hulle deur U Seun Jesus Christus op maniere wat hulle sal laat besef dat U die een en enigste lewende God is. Help hulle om in U te glo en U lief te hê as die Een wat in die hemel en op die aarde geëer word en wie se Naam bo alle name is* (**Hand.4:12, Fil.2:10**).

Sondag 30 Augustus 2009

Memoriseer
Vir dié wat u wet liefhet, is daar groot sekerheid; niks kan hulle laat struikel nie (**Ps.119:165**).

Skep jou persoonlike gebedshuis: Fokus op krag
Aan U behoort Die Koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen
Om in die volheid te kom van dit wat God vir ons beplan, moet ons al meer inskakel by die kragbron van die Heilige Gees. Met die oog hierop moet ons begin bid vir 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees in ons lewens en in die lewens van die mense vir wie ons bid (**Ef.6:18**, **1 Kor.14:5,15**). Onthou altyd dat ons geen krag buite God het nie. Dit is Jesus wat deur die Goddelike werking van die Heilige Gees in en deur ons werk. Dit is waarom ons met vrymoedigheid bid dat God deur Sy Gees uit die rykdom van Sy heerlikheid aan ons die krag sal gee om innerlik sterk te word (**Ef.3:16**). Aan Hom en aan Hom alleen behoort die krag.

Stel jouself in op God se perspektief: Het jy al ooit die teenwoordigheid van die Heilige Gees in jou gebedslewe of by 'n biduur ervaar? Hy is daar, ons moet Hom net toelaat om ten volle beheer oor te neem. Wees voortdurend op die uitkyk vir geleenthede deur die loop van die dag wanneer jy vir iemand wat in die nood is, kan bid. Onthou om wanneer God jou gebede verhoor het, aan Hom alleen die eer te gee. Hy deel Sy eer met niemand nie. Onthou om elke dag wanneer jy in hierdie "vertrek" in die "Ons Vader"-gebedshuis tyd in gebed deurbring, Hom ook pertinent die eer te gee dat Hy in en deur jou werk.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009: Dag 9**
Gebed vir die nasies: Mashhad in Iran
Gedagtes en feite: Reza (agtste Imam of hoof geestelike leier van Sjiïetiese Islam) was bekend vir sy vroomheid en word nou deur die Sjiïete van Iran vereer. Sy graf in Mashhad is 'n heilige plek vir pelgrims en word jaarliks deur meer as tien miljoen mense (meestal Iraniërs) besoek. Mashhad het die afgelope jare aansienlik uitgebrei. Groot winkelsentrums en supermarkte, parke en ander attraksies is in die stad opgerig. Met 'n bevolking van ongeveer 2,5 miljoen mense is Mashhad nou die tweede grootste stad in Iran. Niemand weet werklik hoeveel Gelowiges daar in Mashhad is nie, omdat hulle almal onder die bedreiging van vervolging deur die regering gebuk gaan. Die oorgrote meerderheid mense in die stad het min kennis van die evangelie. Nogtans is die getal Gelowiges in Iran aan die toeneem, ondanks die vervolging.
Bid vandag: *Vader van die ganse skepping, ons bring elkeen van die 2,5 miljoen mense in die stad Mashhad voor U genadetroon. Openbaar uself aan hulle as die lewende God, die Weg, die Waarheid en die ewige Lewe. Stort U liefde in hulle harte.* (Skrifgedeeltes om oor te mediteer en in gebed te proklameer: **Hand.7:55-60, Luk.23:34, Luk.11:4**).

Wat dink Moslems oor Jesus?
Jesus is wonderbaarlik deur God in Maria se baarmoeder verwek.
Jesus is net 'n profeet, hy is nie 'n godheid nie.
Jesus was eintlik 'n goeie Moslem en hy het 'n vroeëre vorm van Islam aan die Jode verkondig.
Jesus het nie aan die kruis gesterf nie, Hy is direk hemel toe.
Jesus gaan eendag weer kom, hy gaan trou en kinders hê. Hy sal die valshede wat Christene oor Hom verkondig het, regstel. Dan sal Hy sterf en soos alle mense in die Laaste Oordeel geoordeel word.

Maandag 31 Augustus 2009
Gebedsfokus op redding: Dowes
Dit is hierdie week die week van gebed vir dowes. Die moedertaal van dowe mense is gebaretaal. Hoewel 90% van dowes in horende gesinne gebore word, kan slegs enkeles daarin slaag om die gesproke taal aan te leer. Hulle put min voordeel uit geestelike televisie- of radioboodskappe (liplees en onderskrifte help natuurlik). Bid asseblief vir al die dowe persone. Onthou dat hulle ontsettend geisoleerd voel. Vra dat hulle maniere mag vind om met ander dowes in aanraking te kom sodat hulle in gebaretaal met mekaar kan kommunikeer oor dinge wat hulle raak. Bid dat baie van hulle teenoor ander dowe persone sal getuig dat Jesus hulle Saligmaker is. (*Instituut vir dowes*. Tel.: 021 948 6631 of faks: 021 948 6632).

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009: Dag 10**
Gebed vir die nasies: Die Khorasani Turke van Iran
Gedagtes en feite: Meer as 830 000 Khorasani Turke woon in die noordelike dele van die Khorasan provinsie van Iran. Die Khorasani Turke is 100% Moslem, en hulle samelewing is rondom tradisionele Moslemwette georganiseer. Sover bekend, is daar geen Gelowiges onder hulle nie. Hulle woon in 'n baie afgeleë deel van die wêreld. Daar is tans geen evangeliese materiaal in hulle taal beskikbaar nie, en daar is ook geen spesifieke pogings om kerke onder hulle te plant nie.
Bid vandag: *Here van die oes, ons bid dat U die deure vir Christen sakeondernemers en sendelinge sal oopmaak om Christus aan die Khorasani Turke te verkondig. Roep asseblief gekwalifiseerde taalkundiges by die naam om spoedig te begin om die Bybel in die Khorasani se taal te vertaal. Besoek hierdie mense in drome en gesigte sodat hulle U kan leer ken.*

Dinsdag 1 September 2009
Gebedsfokus op misdaad: SMS-wenke-inisiatief
Die *Crime Line* inisiatief is in Junie 2007 in die lewe geroep. Dit funksioneer onafhanklik en anoniem en is daarop gerig om misdadigers van die strate af te kry. Hierdie projek geniet die steun van die *Suid-Afrikaanse Polisiediens* (*SAPD*). As iemand vermoed dat 'n ander persoon (selfs familielede of vriende) by misdaad betrokke is, kan hulle dit nou anoniem aanmeld. Enige inligting aangaande misdadigers wat by *Crime Line* aangemeld word, sal opgevolg word – moordenaars, verkragters, rowers, kapers, dwelmhandelaars, bendelede en kindermolesteerders kan so aan die kaak gestel word (Webruimte: www.crimeline.co.za). Jy kan 'n SMS aan 32211 stuur of www.crimeline.co.za besoek om anonieme wenke te stuur aangaande enige misdaad of verdagte bedrywighede. Dank die Here vir hierdie inisiatief in antwoord op baie gebede deur die jare! Bid dat mense hiervan te wete sal kom en dat misdadigers vir hulle dade tereg sal staan.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009: Dag 11**
Gedagtes en feite: Vandag is die 40ste herdenking van die Libiese rewolusie, waardeur kolonel Muammar Qadhafi in Libië aan bewind geplaas is. Die 67-jarige Qadhafi is vroeër vanjaar as die nuwe voorsitter van die *Afrika-Unie* (*AU*) verkies. Die nuwe voorsitter van hierdie pan-Afrikaanse organisasie beywer hom reeds lank vir die totstandkoming van 'n kontinentale regering. Veertig jaar gelede het baie min mense in Libië die Here geken en dit is vandag nog steeds die geval. Libiërs wat in Jesus glo, tel waarskynlik minder as vyftig mense uit 'n bevolking van 6,2 miljoen.
Bid vandag: *Vader, ons hoop op heerlikheid, ons roep tot U ter wille van die mense van Libië en hulle leier. Openbaar asseblief Uself aan hulle as die Een en Enigste Lewende God. Laat U wil geskied en nie die planne van 'n mens nie. Stuur asseblief ook arbeiders in die Moslem-oesland in Libië.*

Woensdag 2 September 2009

Gebedsfokus op redding: Hindoes

Suid-Afrika is die land met die negende grootste Hindoe-bevolking ter wêreld (*Top 10 of Everything*, 2009). Dit beteken dat ons 'n enorme verantwoordelikheid het om lewende getuies van Christus vir hulle as 'n groep of individue te wees. Die meeste Suid-Afrikaners weet nie eintlik wat Hindoes glo of selfs dat daar mense in ons land bly wat die Hindoeïsme aanhang nie. Bid asseblief dat die plaaslike kerk sal besef dat daar hier in ons midde 'n ontsaglike groot sendingveld is. Vra dat Christen geestelike leiers hulle gemeentes sal begin inlig oor Hindoes oor hoe om hulle met die evangelie te bedien.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009: Dag 12**

Was Jesus 'n Moslem?

Gedagtes en feite: In Islam word Jesus as 'n boodskapper van God beskou, 'n profeet wat gestuur is om die Israeliete te lei. Sy boodskap is deur middel van 'n nuwe stuk skriftuur gegee, die Injil (Evangelie). Die Koran bevestig dat Jesus uit die maagd Maria (Maryam) gebore is volgens 'n verordening van God. Jesus het oor die vermoë beskik om op God se bevel wonders te doen. Vir die Moslems het Jesus inderwaarheid 'n vroeë vorm van Islam verkondig. Volgens hulle siening is Hy egter hoegenaamd niks meer as slegs 'n profeet nie.

Bid vandag: *Vader van ons Here Jesus Christus, ons bring die Moslems regoor die wêreld voor U genadetroon. Verlig die oë van hulle harte dat hulle sal verstaan hoe hoog en diep en wyd U liefde as die ware lewende God vir hulle is. Wek asseblief Christen Moslems op om met wysheid en vrymoedigheid oor hierdie sake te praat. Gee dat die evangelie d.m.v. die radio en Internet hierdie mense sal bereik en dat die Moslemlande sal oopgaan sodat U boodskap selfs oor televisie verkondig sal word.*

Hierdie aangrypende gebed is die wanhopige kreet van 'n Moslemvrou tot Allah (god). Mag dit jou inspireer om te bid dat hulle Jesus Christus sal ontmoet in die volmaakte volheid van wie Hy is en Sy almag in hul lewens sal ervaar.

Gebed van 'n wanhopige Moslemvrou

Ek is onvrugbaar. Ek hou elke maand my asem op en sê 'n gebed – baie gebede – en elke maand sal die veranderende maan my brose verwagtings bespot as daar nog 'n stroom bloed uit my vloei. O God, wat sal ek nie gee om daardie onverbiddelike gety te kan stuit nie! Ek word verag deur mans, wat geen ander nut vir my sien as om net kinders in die wêreld te bring nie. Ek word bejammer deur vroue wat meer begunstig is as wat ek is, en op wie ek intens jaloers is. Ek is totaal en al alleen, met 'n groot leegheid in my wat my van binne af laat vergaan, 'n uitgerekte, stadige afsterf van die hart. Ek word bietjie vir bietjie lewendig verteer. Leë moederskoot, leë arms, leë hart. Ek is 'n droë stok, 'n verskrompelde wingerd, 'n uitgeholde boomstam. My liggaam is 'n ontsaglike, onvervulde belofte.

Ek kyk hulpeloos toe hoe my man se oë die bewegings van jonger vroue volg. Ek het hom oneer aangedoen deur nie 'n seun in die wêreld te bring nie. Hy gaan binnekort van my skei. Ek probeer om nie te dink aan waarheen ek sal gaan of wat ek gaan doen nie. Ek het geen skoolopleiding nie. My pa en ma sal my nie terugneem nie, want ek is nie meer hulle verantwoordelikheid nie. Ek word elke môre wakker en bid dat ek darem nog vir een dag 'n dak oor my kop gaan hê. Partykeer bid ek dat my man my moet liefhê, maak ek sal tevrede wees as hy sal ophou om my te slaan en op my te skree omdat ek hom nie kinders gee wat ek so desperaat is om te hê nie. Een seun sal my skande vir altyd wegneem.

Donderdag 3 September 2009

Gebedsfokus op evangelisasie: Groei van Alpha in Suid-Afrika

Die Alpha-evangelisasiekursus word reeds die afgelope 14 jaar in Suid-Afrika aangebied en toon steeds bestendige groei. Daar is tans net minder as 3 000 Alpha-kursusse wat in 38 lande regoor Afrika aangebied word, 'n direkte antwoord op gebed! Dank die Here vir elke lewe wat verander is. Bid asseblief vir jong en pasbekeerde Gelowiges, dat hulle sal aanhou groei. Vra dat baie meer persone by die Alpha-kursus betrokke sal raak en verander sal word. Dra die verskillende Alpha-kursusse in gebed aan die Here op: Alpha vir kerke, Alpha vir gevangenisse, Alpha vir die werkplek en die kursus oor die huwelik. (*Alpha SA*. Tel.: 012 998 8144. Webruimte: http://www.alphasa.co.za/ of e-pos: communications@alphasa.co.za).

***Gebedsfokus tydens Ramadan:* 22 Augustus – 20 September 2009: Dag 13**
Gebed vir die nasies: Bid vir die stamme van Irak
Gedagtes en feite: 'n Groot persentasie Arabiere in Irak voer hulle herkoms terug tot een van etlike stamkonfederasies. Elk van hierdie groepe is verdeel in stamme, familiegroepe, huise en uitgebreide gesinne. Daar bestaan waarskynlik 20-30 konfederasies met meer as 100 000 mense en waarskynlik meer as 1 000 stamorganisasies in die land. Stamverwantskap en stamlewe staan sentraal in die Irakese kulturele identiteit.
Bid vandag: *Here God almagtig, wat ons by die naam ken, ons bring by name die vernaamste stamkonfederasies van Irak voor U genadetroon: die Muntafiq, die Zubayd, die Dulaym, die 'Ubayd, die Khaz'al, die Bani Lam, die Al Bu Muhammed, die Rabi'a, die Ka'b, die Shammar, die Anaza, die Bani Tamim, die Zafir en die Bani Malik. Stort U Gees van wysheid en openbaring oor hulle uit, sodat mense uit elke taal en stam eendag voor U troon sal staan (**Op.5:9**). Ons bid vir die stamhoofde, familiegroepe, huise en uitgebreide gesinne, dat hulle nuwe lewe in Christus sal vind en geheel en al verander sal word tot U verheerliking.*

Vrydag 4 September 2009
Gebedsfokus op die jeug: Waarom kinders dwelms gebruik
Kinders gee 'n aantal redes waarom hulle dwelms gebruik: om verveeldheid te verdryf; goed te voel; hulle probleme te vergeet; te ontspan en pret te hê; hulle nuuskierigheid te bevredig; dinge te waag; pyn te versag; groot te voel; hulle onafhanklikheid te bewys; aan 'n spesifieke groep te behoort en "cool" te wees. As ouers dit verstaan, kan hulle 'n belangrike rol speel om hierdie behoeftes in 'n ander rigting te kanaliseer. Hulle kan die kinders aanmoedig om betrokke te raak by sport, klubs, musiek, gemeenskapsprojekte, die kerk en ander naskoolse aktiwiteite wat hulle besig en geïnteresseerd sal hou, en tegelyk hulle selfvertroue sal opbou en interpersoonlike vaardighede sal verbeter. Hierdie aktiwiteite sal die jongmense nader aan hulle ouers bring, asook aan ander volwassenes en kinders van hulle eie ouderdom wat hulle positief kan beïnvloed. (Webruimte: http://www.yic.gov/drugfree/whykiduse.html). Dra hierdie situasie in gebed aan die Here op. Bid vir ouers van alle kulture om meer betrokke te wees by hulle kinders se lewens, om dáár te wees vir hulle kinders. Bid dat ouers hulle kinders se nood sal raaksien en tyd sal maak om vir hulle te bid!

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009: Dag 14**
Somaliërs in die VSA
Gedagtes en feite: Sedert 1991 het honderdduisende Somaliërs in hulle eie bloedige burgeroorlog omgekom. Miljoene het uit hulle huise na buurlande en ander plekke oral in die wêreld gevlug. Tienduisende woon nou in stede in Europa. Minnesota in die VSA huisves tussen 30 000 en 70 000 Somaliërs. Baie van hierdie ouer immigrante (35 jaar en ouer) droom daarvan om terug te keer na 'n herstelde, vreedsame Somalië. Hulle woon in hegte gemeenskappe wat getrouheid aan Islam beklemtoon en is gewoonlik nie ontvanklik vir ander gelowe nie, hoewel hulle baie gasvry is. Die oorgrote meerderheid werk hard daaraan om Engels te leer en in die land aan te pas, terwyl hulle genoeg probeer verdien om hulleself en hulle families in Somalië te onderhou.
Bid vandag: *Here God van die hele aarde, ons dra al die Somaliërs in gebed aan U op wat in die buiteland woon en in besonder diegene in die VSA. Gee asseblief guns aan Christene sodat hulle hul kan bevriend en vir hulle van U liefde kan vertel. Gee vir hulle nuwe gedagtes en wys vir hulle Jesus Christus as die Weg, die Waarheid en die Lewe.*

Saterdag 5 September 2009
Gebedsfokus op sending: SA sendelinge in die buiteland
Bid vir die duisende Suid-Afrikaners wat in die buiteland sendingwerk doen, heel dikwels in geslote lande en wat familie moes agterlaat. Vra die Here se guns en seën op hulle werk, gesinne, huwelike en interpersoonlike verhoudings met ander Gelowiges. Bid vir 'n verhoging in hulle finansiële ondersteuning, en ook vir 'n plek waar hulle kan rus en die Here se teenwoordigheid in hulle verhouding met Hom kan ervaar. Bid dat die Here hulle visie en werk voortdurend sal bekragtig en duidelik met hulle sal praat oor daardie lande.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009: Dag 15**
Die benarde posisie van onvrugbare vroue in Islam
Gedagtes en feite: Die impak van onvrugbaarheid word vererger deurdat vroue gewoonlik verantwoordelik gehou word as 'n Moslem egpaar nie kinders het nie. Hierdie verwyt kan daartoe lei dat die egpaar skei of dat die man met 'n tweede vrou trou, asook tot probleme met die skoonfamilie, huishoudelike geweld en die verbeuring van

finansiële sorg en soms selfs tot moord. Op sommige plekke is moederskap die enigste manier waarop vroue hulle status binne die familie en die gemeenskap kan verbeter.

🕊**Bid vandag:** *Vader, U is die God wat alles sien en die gesag het om die moederskoot te open en te sluit. Ons bid dat U Uself aan Moslemvroue bekend sal maak as die Een wat gebede verhoor. Ons bid dat baie U sal begin soek as die antwoord op hierdie probleem. Laat dan die getuienis van Jesus Christus hulle harte met hoop en groot blydskap vervul namate hulle teenoor ander getuig oor wie U is en só baie mense in U koninkryk intrek.*